

Ons God verlos as getuienis van Wie Hy is!

Die Here is nie net besig om Homself aan sy volk bekend te maak nie. Hy wil dat elke knie in die ganse wêreld voor Hom buig en erken dat Hy is Wie Hy is (vs 6; vgl. Fil. 2:10-11). Ons sien hoe sy plan hier begin ontvou.

Die farao is 'n god in sy eie oë en die Here laat hom toe om op hierdie pad te volhard. Die tekens was daar dat God groter en magtiger is as hy en sy towenaars. Die slang wat Moses met God se krag maak, verslind hulle slang! Tog bly hy blind hiervoor. Sy oë sien net sy eie grootheid raak. Dit kos uiteindelik die dood van sy eie eersgeborene en die verlossing van die eersgeborenes van die Israeliete, om hom te laat erken: "Daar is iemand groter as ekself."

Op 'n soortgelyke manier sien mense nie Jesus se grootheid raak in al die kragtige wonderwerke wat Hy doen nie. Selfs sy dissipels verstaan nie Wie Hy is nie. Dis eers as hulle gekonfronteer word met sy verskriklike dood en sy kragtige opstanding dat hulle oë oopgaan. Duisende mense kom tot bekering wanneer hulle deur hierdie daad besef, daar is iemand groter as ons. Vandag nog is dit die kernboodskap wat knieë voor Hom laat buig en tonge laat bely dat Hy die Here is.

Hierdie boodskap is dwaasheid vir dié wat verlore gaan (1 Kor. 1:18). So was dit vir die farao. Hy is gekonfronteer met die realiteit van God se oordeel en die grootheid van God se bloedoffer tot verlossing. Dit raak hom egter net vir 'n rukkie voor hy weer vasgevang raak in die hier en nou en spyt is oor die slawe wat hy laat gaan het. Hierdie boodskap bly vandag nog dwaasheid vir baie mense, maar vir ons, wat uit genade gered word, is dit die krag van God!

Ons roeping is om hierdie krag te bly verkondig! Ons verkondig dit as ons onder leiding van die Gees nie vaskyk in die hier en nou nie, maar hierdie boodskap bly vasgryp selfs in die slegste omstandighede, selfs al word ons uitgelag en gespot en bevraagteken deur mense met verharde harte. Ons verkondig dit as ons veg teen ons natuurlike geneigdheid om self god te wil wees en as ons daarna streef om Hom te erken as ons HERE. So word ons instrumente waardeur die Here vir die ganse wêreld wys dat Hy die HERE is.

Sing: Skrifberyming 2-2 / 34:1, 2 Ds. TF Dreyer (Randburg)